

CONSTITUTION OF THE HOME OWNERS' ASSOCIATION OF BLUE RIDGE ESTATE	GRONDWET VAN DIE HUISEIENAARS VERENIGING VAN BLUE RIDGE LANDGOED
1. NAME The name of the ASSOCIATION is BLUE RIDGE HOME OWNERS' ASSOCIATION .	NAAM Die naam van die VERENIGING is BLUE RIDGE HUISEIENAARS VERENIGING .
2. DEFINITIONS In this Constitution, unless inconsistent with the context, the following terms shall have the following meanings:	DEFINISIES In hierdie Grondwet, tensy dit teenstrydig is met die konteks, sal die volgende terme die volgende betekenis hê:
2.1 "Association" - The BLUE RIDGE HOME OWNERS' ASSOCIATION established in terms of Mossel Bay Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning, 2021.	"Vereniging" - Die BLUE RIDGE HUISEIENAARS VERENIGING gestig ingevolge Mosselbaai Munisipaliteit: Verordening vir Munisipale Land Gebruik Beplanning, 2021.
2.2 "Architectural Rules" - Those Rules which control the design of the landscape and buildings (as well as improvements and extensions thereto) to which all Members must adhere to and must be approved by the Members at a General Meeting or via E-voting.	"Argitektoniese Reëls" - Daardie Reëls wat die ontwerp van die landskap en geboue beheer (sowel as verbeterings en uitbreidings daaraan) waaraan alle Lede moet voldoen en deur die Lede op 'n Algemene Vergadering of via E-stemming goedgekeur moet word.
2.3 "Building Rules" - Those Rules which must be adhered to by the Member, contractors, and service providers during the building process of houses and must be approved by the Members at a General Meeting or via E-voting.	"Boureëls" - Daardie reëls wat deur die Lid, kontrakteurs en diensverskaffers tydens die bouproses van huise nagekom moet word en deur die Lede op 'n Algemene Vergadering of via E-stemming goedgekeur moet word.
2.4 "Conduct Rules" Those Rules which must be adhered to by Members, Tenants and visitors at all times while in the Development and must be approved by the Members at a General Meeting or via E-voting.	"Gedragreëls" - Daardie reëls waaraan Lede, Huurders en Besoekers te alle tye moet voldoen terwyl in die ontwikkeling en moet deur die Lede op 'n Algemene Vergadering of via E-stemming goedgekeur word.
2.5 "Constitution" - The Constitution of the Home Owner's Association of Blue Ridge Estate, as amended and approved with date of commencement of the Constitution from the date on which it is signed by the Chairperson.	"Grondwet" - Die Grondwet van die Huiseienaars Vereniging van Blue Ridge Landgoed, soos gewysig en goedgekeur met die datum van inwerkingtreding van die Grondwet vanaf die datum waarop dit deur die Voorsitter onderteken is.
2.6 "Committee" - The Management Committee duly elected to represent the Members.	"Komitee" - Die Bestuurskomitee wat behoorlik verkies is om die Lede te verteenwoordig.
2.7 "Developer" - PURPLE PLUM PROPERTIES 37 (PROPRIETARY) LIMITED, with registration Number 2001/028467/07.	"Ontwikkelaar" - PURPLE PLUM EIENDOMME 37 (EIENDOM) BEPERK, met registrasie Nommer 2001/028467/07.

2.8 “Development” - The Development is Erf 14799 Mossel Bay, Mossel Bay Municipality, Division of Mossel Bay, Western Cape Province, in terms of the Architectural Development Code which has been subdivided into a township.	“Ontwikkeling” - Die Ontwikkeling is Erf 14799 Mosselbaai, Mosselbaai Munisipaliteit, Afdeling van Mosselbaai, Wes-Kaap Provinsie, ingevolge die Argitektoniese Ontwikkelings Kode wat in 'n township onderverdeel is.
2.9 “E-meeting” - An electronic communication platform that enables participants to actively take part in a meeting through concurrent communication where all participants can at a minimum speak and hear each other in real time. Teleconferencing and Videoconferencing are both acceptable platforms.	“E-vergadering” - 'n Elektroniese kommunikasie platform wat deelnemers in staat stel om aktief deel te neem aan 'n vergadering deur middel van gelyktydige kommunikasie waar alle deelnemers ten minste intyds met mekaar kan praat en mekaar kan hoor. Telekonferensies en video-konferensies is albei aanvaarbare platforms.
2.10 “E-voting” - A secure electronic voting platform that enables participants to vote electronically via a mobile smartphone application or via secure e-mail while ensuring complete anonymity (both who voted and what the choice(s) were), an audit trail of the votes, no duplicate voting, management of the duration of the voting process and providing the results automatically.	“E-stem” - 'n Veilige elektroniese stem platform wat deelnemers in staat stel om elektronies te stem via 'n mobiele slimfoon toepassing of via veilige e-pos terwyl hulle volledige anonimiteit verseker word (beide wie gestem het en wat die keuse(s) was), 'n ouditspoor van die stemme, geen duplikaat stem, bestuur van die duur van die stem proses en die outomatiese verskaffing van die resultate.
2.11 “Environmental Management Plan (EMP)” - A plan that sets out the strategic objectives for the ongoing management of the Development as far as the fauna and flora of the open spaces are concerned considering the Dana Bay Conservancy bordering the Development.	“Omgewingsbestuursplan (OBP)” - 'n Plan wat die strategiese doelwitte vir die voortgesette bestuur van die Ontwikkeling uiteensit wat die fauna en flora van die oop ruimtes betref, aangesien die Ontwikkeling aan die Dana Bay Bewaringsgebied grens.
2.12 “Erf/Erven” - One or more of the 101 (one hundred and one) subdivided pieces of individual land in the Development arising from the subdivision of Erf 14799, Mossel Bay, including any improvements erected thereon, but excluding the communal areas.	“Erf/Erwe” - Een of meer van die 101 (honderd en een) onderverdeelde stukke individuele grond in die Ontwikkeling wat voortspruit uit die onderverdeling van Erf 14799, Mosselbaai, insluitend enige verbeteringe wat daarop opgerig is, maar uitgesluit die gemeenskaplike gebiede.
2.13 “Financial Rules” - Those Rules which are set out as financial policy guidelines and must be adhered to by the Committee when making financial decisions and spending funds of the Association and must be approved by the Members at a General Meeting or via E-voting.	“Finansiële Reëls” - Daardie reëls wat as finansiële beleidsriglyne uiteengesit word en deur die Komitee nagekom moet word wanneer finansiële besluite geneem word en fondse van die Vereniging spandeer word en moet deur die Lede op 'n Algemene Vergadering of via E-stemming goedgekeur word.
2.14 “Financial Year” - First of March of any year to the end of February of the ensuing year.	“Finansiële jaar” - Eerste Maart van enige jaar tot die einde Februarie van die daaropvolgende jaar.
2.15 “General Meeting” - A General Meeting of the Members of the Association and includes Annual General Meetings and Special General Meetings.	“Algemene Vergadering” - 'n Algemene Vergadering van die Lede van die Vereniging en sluit Algemene Jaarvergaderings en Spesiale Algemene Vergaderings in.
2.16 “Local Authority” - The Municipality of Mossel Bay, Western Cape Province.	“Plaaslike Owerheid” - Die Munisipaliteit van Mosselbaai, Wes-Kaap Provinsie.

2.17 “Management Agent” - An establishment or person as appointed in terms of the Constitution to assist with secretarial, administrative and/or bookkeeping tasks as agreed.	“Bestuursagent” - 'n Instelling of persoon soos aangestel ingevolge die Grondwet om te help met sekretariële, administratiewe en/of boekhou take soos ooreengekom.
2.18 “Member” - An Owner who in terms of Section 29(1) of the Ordinance automatically becomes a Member of the Association upon the registration of an Erf in his name.	“Lid” - 'n Eienaar wat ingevolge Artikel 29(1) van die Verordening outomaties 'n Lid van die Vereniging word sodra 'n Erf in sy naam geregistreer is.
2.19 “Ordinance” - Mossel Bay Municipality: By-Law on Municipal Land Use Planning, 2021.	“Verordening” - Mosselbaai Munisipaliteit: Verordening vir Munisipale Land Gebruik Beplanning, 2021.
2.20 “Person” - An individual, a Company, a Close Corporation, a Trust, a Partnership, or any other association of persons qualified to own immovable property.	“Persoon” - 'n Individu, 'n Maatskappy, 'n Beslote Korporasie, 'n Trust, 'n Vennootskap of enige ander vereniging van persone wat kwalifiseer om onroerende eiendom te besit.
2.21 “Pet” - Any small animal, reptile, fish or bird that has commonly been kept as a pet in family households and that can be fully contained within the Erf due to the fact that the Development is bordering the larger Dana Bay Conservancy area without walls around individual Erven.	“Troeteldier” - Enige klein diertjie, reptiel, vis of voël wat algemeen as 'n troeteldier in familie huishoudings gehou word en wat ten volle in die Erf binnegehou kan word as gevolg van die feit dat die Ontwikkeling grens aan die groter Dana Bay Bewaringsgebied en geen mure rondom individuele Erwe bestaan nie.
2.22 “Recreational Vehicle” - Any vehicle of any kind that is primarily used for recreational purposes such as a caravan, motorhome, camping trailer, fishing boat, jet ski, tricycle, or quad bike.	“Ontspannings Voertuig” - Enige voertuig van enige aard wat hoofsaaklik gebruik word vir ontspanningsdoeleindes soos 'n karavaan, ry-huis, kampeer sleepwa, vissersboot, waterponie, driewiel, of vierwiel fiets.
2.23 “Resolution” - Any decision that can be accepted with a simple majority of votes at a properly constituted General Meeting of the Members or through an E-voting process based on urgency.	“Resolusie” - Enige besluit wat aanvaar kan word met 'n eenvoudige meerderheid van stemme by 'n behoorlik saamgestelde Algemene Vergadering van die Lede of deur 'n E-stem proses gebaseer op die nodige dringendheid.
2.24 “Rules” - A set of Rules that flow from the Constitution, compiled by the Committee, to assist the Committee to manage the affairs of the Home Owners' Association effectively. This includes but is not limited to the Architectural Rules, Conduct Rules, Building Rules, Builder's contract, and Financial Rules.	“Reëls” - 'n Stel reëls wat vloei uit die Grondwet, saamgestel deur die Komitee, om die Komitee te help om die sake van die Huiseienaars Vereniging effektief te bestuur. Dit sluit in, maar is nie beperk nie, tot die Argitektoniese Reëls, Gedragsreëls, Bou Reëls, Bouers kontrak en Finansiële Reëls.
2.25 “Special Resolution” - Any decision that can only be accepted by more than a simple majority at a properly constituted General Meeting of the Members, as required by this Constitution.	“Spesiale Resolusie” - Enige besluit wat slegs deur meer as 'n eenvoudige meerderheid by 'n behoorlik saamgestelde Algemene Vergadering van die Lede aanvaar kan word, soos deur hierdie Grondwet vereis.

2.26 “Spouse” - Means, in relation to any other person, a person who is the life partner of that person: a) in a marriage or customary union recognized in terms of the laws of the Republic of South Africa; b) in a union recognized as a marriage in accordance with the tenets of any religion; or c) in a same sex or heterosexual union which is intended to be permanent, whom can only serve on behalf of the Member and not together with the Member on the Committee.	“Eggenoot” - Beteken, met betrekking tot enige ander persoon, 'n persoon wat die lewensmaat van daardie persoon is: a) in 'n huwelik of kultuurgebaseerde verbintenis is wat erken word ingevolge die wette van die Republiek van Suid-Afrika; b) in 'n verbintenis is wat erken word as 'n huwelik in ooreenstemming met die beginsels van enige godsdien; of c) in dieselfde geslag of heteroseksuele verbintenis is wat bedoel is om permanent te wees, wat slegs namens die Lid kan dien en nie saam met die Lid op die Komitee kan dien nie.
2.27 “Tenant” - Any person who legally occupies an Erf in the Development.	“Huurder” - Enige persoon wat wettiglik 'n Erf in die Ontwikkeling bewoon.
2.28 “Vehicle” - Any motor vehicle, trailer, motorcycle, or Recreational Vehicle, of any kind, powered by or drawn by either mechanical, electrical, or animal means. Where applicable such Vehicle must be licenced as required by the Traffic Control Act.	“Voertuig” - Enige motorvoertuig, sleepwa, motorfiets of Ontspannings Voertuig, van enige aard, aangedryf deur of getrek deur meganiese, elektriese of diere middele. Waar van toepassing moet sodanige voertuig gelisensieer wees soos vereis deur die Wet op Verkeersbeheer.
Unless the context indicates the contrary, all definitions and wording given in the singular shall also include the plural and vice versa and all definitions and wording that refer to one gender shall also include the other genders. The English version of all documentation will be regarded as the officially approved version to be used for interpretation in any disputes. Versions translated into additional languages will be for convenience only. Any written request or written notice can be submitted to the Secretary or the Management Agent in person, via registered mail or electronically via e-mail.	Tensy die konteks die teendeel aandui, sal alle definisies en bewoording wat in die enkelvoud gegee word, ook die meervoud insluit en omgekeerd en alle definisies en bewoording wat na een geslag verwys, sal ook die ander geslagte insluit. Die Engelse weergawe van alle dokumentasie sal beskou word as die amptelik goedgekeurde weergawe wat vir interpretasie in enige geskille gebruik sal word. Weergawes wat in addisionele tale vertaal word, sal slegs vir gerief wees. Enige skriftelike versoek of skriftelike kennisgewing kan in persoon, per geregistreerde pos, of elektronies per e-pos aan die Sekretaris of die Bestuursagent voorgelê word.
3. OBJECTIVES OF THE ASSOCIATION The objectives of the Association are:	DOELSTELLINGS VAN DIE VERENIGING Die doelstellings van die Vereniging is:
3.1 To further and maintain the standards and in particular the unique and distinctive character of the Development in such a way that the Members get the largest joint benefit from it, and to protect and promote future values;	Om die standarde en veral die unieke en kenmerkende karakter van die Ontwikkeling op so 'n mate te bevorder en in stand te hou dat die Lede die grootste gesamentlike voordeel daaruit trek, en om toekomstige waardes te beskerm en te groei;

3.2	To further and maintain the aesthetic-, environmental- and architectural style and design principles of the Development in order to create a harmonious Development;	Om die estetiese-, omgewings- en argitektoniese styl en ontwerpbeginsels van die Ontwikkeling te bevorder en in stand te hou ten einde 'n harmonieuse Ontwikkeling daar te stel;
3.3	To maintain sound and legal financial administration in the Association and between the Association and any other parties;	Om gesonde en wettige finansiële administrasie in die Vereniging en tussen die Vereniging en enige ander partye te handhaaf;
3.4	To further and maintain the perimeter security of the Development without compromising the unique and distinctive character of the Development. This can be achieved through a combination of different security technologies and may include an effective access control system;	Om die sekuriteit van die buitenste heining van die Ontwikkeling te bevorder en in stand te hou sonder om die unieke en kenmerkende karakter van die Ontwikkeling te verander. Dit kan bereik word deur 'n kombinasie van verskillende sekuriteit tegnologieë en kan 'n effektiewe toegangsbeheerstelsel insluit;
3.5	To further and maintain the Rules and to ensure that the Rules are set out clearly and reasonably for owners subject to Clause 9.2.7 and that the rules be strictly adhered to; and	Om die Reëls te bevorder en in stand te hou en te verseker dat die Reëls duidelik en redelik uiteengesit word vir eienaars onderhewig aan Klousule 9.2.7 en dat die reëls streng nagekom word; en
3.6	To be responsible for the administration, maintenance and repair of the common property including, but not limited to, the following:	Om verantwoordelik te wees vir die administrasie, instandhouding en herstel van die gemeenskaplike eiendom, insluitend, maar nie beperk nie, tot die volgende:
3.6.1	natural environment as far as flora and the free movement of fauna are concerned in conjunction with a sound Environmental Management Plan;	natuurlike omgewing wat flora en die vrye beweging van fauna betref in samewerking met 'n gesonde Omgewingsbestuursplan;
3.6.2	roads and street lighting;	paaie en straatbeligting;
3.6.3	gardens, green belts and, landscaping;	tuine, groen gordels en landskap;
3.6.4	storm-water management;	stormwater bestuur;
3.6.5	boundary fence, entrance gates and access control system;	grensheining, ingangshekke en toegangsbeheerstelsel;
3.6.6	buildings;	geboue;
3.6.7	refuse removal;	vullisverwydering;
3.6.8	appointing and managing capable service providers; and	die aanstelling en bestuur van bekwame diensverskaffers; en
3.6.9	complying with all applicable laws and by-laws.	die voldoening aan alle toepaslike wette en verordeninge.
4.	ESTABLISHMENT AND MEMBERSHIP	VESTIGING EN LIDMAATSKAP

4.1 The Association has as Members the owners of Erven arising from the subdivision of Erf 14799 MOSSEL BAY, Mossel Bay Municipality, Division of Mossel Bay, Western Cape Province, which Members are co-liable for expenses incurred in connection with the Association. The Association comes into being when any Person other than the Developer becomes the owner of an Erf or when a Certificate of Registered Title in respect of an Erf is registered in favour of the Developer. Membership of the Association is limited to the registered owner of the Erf providing that:	Die Vereniging het as Lede die eienaars van Erwe wat voortgespruit het uit die onderverdeling van Erf 14799 MOSSELBAAI, Mosselbaai Munisipaliteit, Afdeling Mosselbaai, Wes-Kaap Provinsie, watter Lede medeaanspreeklik is vir uitgawes wat in verband met die Vereniging aangegaan word. Die Vereniging ontstaan wanneer enige Persoon anders as die Ontwikkelaar die eienaar van 'n Erf word of wanneer 'n Sertifikaat van Geregisteerde Titel ten opsigte van 'n Erf ten gunste van die Ontwikkelaar geregistreer is. Lidmaatskap van die Vereniging is beperk tot die geregisteerde eienaar van die Erf met dien verstande dat:
4.1.1 where any such registered owner is more than one Person, all the registered owners of that Erf jointly and severally are deemed to be one Member of the Association; and	waar enige sodanige geregisteerde eienaar meer as een Persoon is, word al die geregisteerde eienaars van daardie Erf gesamentlik en apart geag word as een Lid van die Vereniging; en
4.1.2 a Person who is entitled to register a Certificate of Registered Title in respect of any Erf, is deemed to be the registered owner thereof.	'n Persoon wat geregtig is om 'n Sertifikaat van Geregisteerde Titel ten opsigte van enige Erf te registreer, word geag die geregisteerde eienaar daarvan te wees.
4.2 When a Member ceases to be a registered owner of an Erf, he then ceases ipso facto to be a Member of the Association.	Wanneer 'n Lid ophou om 'n geregisteerde eienaar van 'n Erf te wees, hou hy dan ook outomaties op om 'n Lid van die Vereniging te wees.
4.3 No Member shall alienate an Erf unless it be made a condition of the alienation that:	Geen Lid mag 'n Erf verkoop tensy dit 'n verkoopsvoorwaarde gemaak word dat:
4.3.1 the transferee become a Member of the Association; and	die koper 'n Lid van die Vereniging word; en
4.3.2 registration of transfer of that Erf to the name of the transferee ipso facto causes the transferee to be a Member of the Association.	registrasie van die oordrag van daardie Erf na die naam van die koper outomaties veroorsaak dat die koper 'n Lid van die Vereniging word.
4.4 The registered owner of an Erf may not resign as a Member of the Association.	Die geregisteerde eienaar van 'n Erf mag nie as Lid van die Vereniging bedank nie.
4.5 The rights and obligations of a Member are not transferable, and each Member shall:	Die regte en verpligtinge van 'n Lid is nie oordraagbaar nie, en elke Lid moet:
4.5.1 promote the objectives and interests of the Association to the best of his ability; and	die doelstellings en belange van die Vereniging na die beste van sy vermoë bevorder; en
4.5.2 comply with all decisions of this Association and all its obligations under this Constitution provided that a Member is entitled to cede his Rights under this Constitution as collateral to the holder of a mortgage bond registered against that Member's Erf.	voldoen aan alle besluite van hierdie Vereniging en al sy verpligtinge ingevolge hierdie Grondwet, met dien verstande dat 'n Lid geregtig is om sy Regte ingevolge hierdie Grondwet te sedgeer as kollateraal aan die houer van 'n verband wat teen daardie Lid se Erf geregistreer is.

5. STATUTORY AND GENERAL DUTIES OF MEMBERS	STATUTÊRE EN ALGEMENE PLIGTE VAN LEDE
Over and above his obligations in terms of general Municipal Ordinances and Regulations, as well as all applicable laws:	Bo en behalwe sy verpligtinge ingevolge algemene Munisipale Verordenings en Regulasies, asook alle toepaslike wette:
5.1 Each Member shall see to it that all Tenants of his Erf or visitors to his Erf comply with the Rules and obligations of this Association, or any condition imposed on the Development;	Elke Lid moet toesien dat alle Huurders van sy Erf of besoekers aan sy Erf voldoen aan die Reëls en verpligtinge van hierdie Vereniging, of enige voorwaarde wat op die Ontwikkeling opgelê is;
5.2 No Member shall use his Erf or any part of the communal property, nor allow it to be used, in a way or for a purpose that harms the character of the Development;	Geen Lid mag sy Erf of enige deel van die gemeenskaplike eiendom gebruik, en dit ook nie toelaat om gebruik te word, op 'n manier of vir 'n doel wat die karakter van die Ontwikkeling benadeel nie;
5.3 No Member shall transgress any law, ordinance, regulation, proclamation, statutory rulings, or the conditions of any license that pertains to or affects the occupation of his Erf or the communal property, or the title conditions pertaining to his Erf, nor allow them to be transgressed;	Geen Lid mag enige wet, verordening, regulasie, proklamasie, statutêre beslissings of die voorwaardes van enige lisensie wat betrekking het op of 'n invloed het op die besetting van sy Erf of die gemeenskaplike eiendom, of die titelvoorwaardes met betrekking tot sy Erf, oortree of toelaat dat dit oortree word nie;
5.4 No Member shall offload, erect or construct a structure or make an improvement on the Erf subject to 10.2;	Geen Lid mag 'n struktuur aflaai, oprig of bou of 'n verbetering op 'n Erf maak nie onderhewig aan 10.2;
5.5 No Member shall erect or place or allow any advertising boards, signs, notices, or estate agent boards of whatsoever kind on his Erf or on the communal property inside the Development or on the pavements outside the Development;	Geen Lid mag enige advertensieborde, tekens, kennisgewings of eiendomsagentborde van watter aard ook al op sy Erf of op die gemeenskaplike eiendom binne die Ontwikkeling of op die sygaardjies buite die Ontwikkeling oprig of plaas nie;
5.6 No Member shall park any Vehicle, nor allow any such Vehicle to be parked by any other person, in a spot other than on the Member's own Erf;	Geen Lid mag enige Voertuig parkeer of toelaat dat enige sodanige Voertuig deur enige ander persoon geparkeer word, op 'n ander plek as op die Lid se eie Erf nie;
5.7 No Member or Tenant shall place or store any refuse or refuse containers on his Erf in such a way that it is visible from outside the Erf. The Member or Tenant of an Erf shall move the refuse receptacles to the place designated for collection purposes on the days and at the time designated by the Conduct Rules. All refuse shall be removed by the Association in accordance with the rules imposed by Municipal regulation;	Geen Lid of Huurder mag enige vullis of vullishouers op sy Erf op so 'n manier plaas of stoor dat dit van buite die Erf sigbaar is nie. Die Lid of Huurder van 'n Erf sal die vullishouers skuif na die plek wat vir vullisverwyderingsdoeleindes toegewys is op die dae en op die tydstop wat deur die Gedragsreëls voorgeskryf word. Alle vullis sal deur die Vereniging verwyder word ooreenkomstig die reëls wat deur Munisipale regulasie opgelê is;

5.8	The Pet policy forms part of the Conduct Rules and will provide conditions in regard to keeping Pets. No Member or Tenant of an Erf may without the prior written consent of the Committee, which consent shall not be unreasonably withheld, keep a Pet on his Erf: Provided that the Committee may withdraw any such consent if the Member or Tenant breaches any condition so imposed. Cats are not allowed. Any Member or Tenant suffering from a disability and who reasonably requires a guide, hearing or assistance dog, must be considered to have the Committee's consent to keep that animal on his Erf and to accompany him on the common property;	Die Troeteldierbeleid vorm deel van die Gedragsreëls wat voorwaardes sal verskaf ten opsigte van die aanhou van troeteldiere. Geen Lid of Huurder van 'n Erf mag sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Komitee, welke toestemming nie onredelik weerhou moet word nie, 'n Troeteldier op sy Erf aanhou nie: Met dien verstande dat die Komitee enige sodanige toestemming kan terugtrek indien die Lid of Huurder enige voorwaarde wat so opgelê is, oortree. Katte word nie toegelaat nie. Enige Lid of Huurder wat aan 'n gestremdheid ly en wat redelikerwys 'n gids, gehoor- of hulphond vereis, moet outomaties die Komitee se toestemming te hê om daardie dier op sy Erf te hou en hom op die gemeenskaplike eiendom te vergesel;
5.9	Each Member shall be obliged to keep tidy and maintain his Erf in such a way that it remains aesthetically and otherwise acceptable to the Committee, based on the Rules;	Elke Lid word verplig om sy Erf netjies te hou en op so 'n manier in stand te hou dat dit esteties en andersins aanvaarbaar bly vir die Komitee, gebaseer op die Reëls;
5.10	Each Member shall endeavour always to behave and act in a way that is in the best interest and to the best advantage of all Members of the Development;	Elke Lid moet altyd poog om op te tree op 'n manier wat in die beste belang en tot die beste voordeel van alle Lede van die Ontwikkeling is;
5.11	No Member shall drive any Vehicle on any part of the communal property except on the designated roads, nor may any other person do so;	Geen Lid mag enige Voertuig op enige deel van die gemeenskaplike eiendom bestuur nie, behalwe op die aangewese paaie, en ook geen ander persoon mag dit doen nie;
5.12	No Member shall allow any builders and/or their employees to overnight on his Erf or on communal property. The Association is empowered, through the Building Rules, to prescribe the time and days that the builders and/or their employees may be on the Development;	Geen Lid mag toelaat dat enige bouers en/of hul werknemers op sy Erf of op gemeenskaplike eiendom oornag nie. Die Vereniging word deur die Boureëls bemaatig om die tyd en dae voor te skryf wat die bouers en/of hul werknemers op die Ontwikkeling mag wees;
5.13	The maximum number of persons allowed to reside at any one time on an Erf shall not exceed the number prescribed by the Local Authority Land Use By-law in respect of property zoned for residential purposes;	Die maksimum aantal persone wat toegelaat word om te eniger tyd op 'n Erf te woon, mag nie die getal oorskry wat deur die Plaaslike Owerheid se Verordening op grondgebruik ten opsigte van eiendom wat vir residensiële doeleindes gesoneer is, oorskry word nie;
5.14	The speed limit on all roads is 20 km/h and Vehicle noise levels should be kept at a minimum. Motorists should always approach crossings with caution;	Die spoedgrens op alle paaie is 20 km/h en Voertuig geraasvlakke moet teen 'n minimum gehou word. Motoriste moet altyd kruisings met omsigtigheid benader;
5.15	Radio signal antennas and satellite dishes (limited in size and quantity) are allowed as per description in the Building Rules;	Radiosein antennas en satelliet skottels (beperk in grootte en hoeveelheid) word toegelaat soos per beskrywing in die Boureëls;

5.16 No Member shall erect washing lines nor hang any washing or laundry in such a way that it is visible from outside the Erf;	Geen Lid mag wasgoedlyne oprig of enige wasgoed op so 'n manier hang dat dit van buite die Erf sigbaar is nie;
5.17 Recreational Vehicles are not allowed to be stored on a permanent basis in the Development in such a way that it is visible from outside the Member's Erf provided that:	Ontspanningsvoertuie mag nie op 'n permanente basis in die Ontwikkeling gestoor word op so 'n manier dat dit van buite die Lid se Erf sigbaar is nie, mits:
5.17.1 Recreational Vehicles can be brought into the Development on a temporary basis as described in the Conduct Rules;	Ontspanningsvoertuie kan op 'n tydelike basis in die Ontwikkeling ingebring word soos uiteengesit in die Gedragsreëls;
5.17.2 the Member or Tenant has space on his Erf to park the Recreational Vehicle;	die Lid of Huurder ruimte op sy Erf het om die Ontspanningsvoertuig te parkeer;
5.17.3 it is not allowed to be used as sleeping accommodation in the Development; and	dit mag nie as slaap verblyf in die Ontwikkeling gebruik word nie; en
5.18 Tents are not allowed to be erected to be used as sleeping accommodation in the Development.	Tente mag nie opgerig word om as slaap verblyf in die Ontwikkeling gebruik te word nie.
6. MEMBER'S FAILURE TO MAINTAIN Should the Member fail to repair or maintain his Erf as above, and/or any such failure continues for a period of 10 (ten) business days after written notice by the Committee or the Management Agent on behalf of the Committee to repair or maintain his Erf, the Committee can remedy the Member's failure and recover the reasonable costs related thereto from such Member, which includes legal costs as between attorney and client.	LID SE VERSUIM OM IN STAND TE HOU Indien die Lid versuim om sy Erf soos hierbo te herstel of in stand te hou, en/of enige sodanige versuim vir 'n tydperk van 10 (tien) werksdae na skriftelike kennisgewing deur die Komitee of die Bestuursagent namens die Komitee voortgaan om sy Erf te herstel of in stand te hou, kan die Komitee die Lid se versuim laat regstel en die redelike koste wat daarmee verband hou verhaal, en dit sal die regs-koste insluit soos tussen prokureur en kliënt.
7. MANAGEMENT	BESTUUR
7.1 The business and administration of the Association shall be managed by a Committee comprising of 7 (seven) Members or Spouses of Members of the Association elected by way of majority vote by Members for a term of office of 2 (two) years provided that:	Die besigheid en administrasie van die Vereniging sal bestuur word deur 'n Komitee bestaande uit 7 (sewe) Lede of Gades van Lede van die Vereniging verkies is deur Lede deur middel van meerderheidstem vir 'n ampstermyn van 2 (twee) jaar, met dien verstande dat:
7.1.1 Vacancies occurring as a result of the term of elected or co-opted Committee members expiring shall be filled by electing or re-electing Committee members at each ensuing Annual General Meeting of the Association;	Vakatures wat ontstaan as gevolg van die termyn van verkose of gekoöpteerde Komiteeledes wat verstryk, sal gevul word deur Komiteeledes by elke daaropvolgende Algemene Jaarvergadering van die Vereniging te verkies of te herkies;

7.1.2 No Member or Spouse of a Member shall be eligible for election or re-election unless duly nominated in writing and seconded by a Member, which nomination shall also be signed and accepted in writing by the nominee, and submitted to the Secretary or Management Agent of the Association no later than 3 (three) business days preceding the meeting;	Geen Lid of Gade van 'n Lid sal in aanmerking kom vir verkiesing of herverkiesing nie, tensy hy skriftelik genomineer en gesekondeer word deur 'n Lid, welke nominasie ook skriftelik deur die genomineerde onderteken en aanvaar sal word, en nie later nie as 3 (drie) werksdae voor die vergadering aan die Sekretaris of Bestuursagent van die Vereniging voorgelê word;
7.1.3 The form to be used for nominations must be formally approved at a General Meeting;	Die vorm wat vir nominasies gebruik moet word, moet formeel op 'n Algemene Vergadering goedgekeur word;
7.1.4 No Member or Spouse of a Member shall be eligible to be elected to the Committee, or if already elected to the Committee, will be deemed to have resigned from his office if:	Geen Lid of Gade van 'n Lid sal in aanmerking kom om tot die Komitee verkies te word nie, of indien hy reeds tot die Komitee verkies is, sal geag word dat hy uit sy amp bedank het indien:
7.1.4.1 His contributions and levies have not been settled in full;	Sy bydraes en heffings nie ten volle vereffen is nie;
7.1.4.2 He was conditionally or finally sequestered by a competent court;	Hy is voorwaardelik of uiteindelik deur 'n bevoegde hof gesekwestreer;
7.1.4.3 He made any arrangement or reached an agreement with his creditors;	Hy het enige reëling getref of 'n ooreenkoms met sy krediteure bereik;
7.1.4.4 He was convicted by a court of law of an offence involving dishonesty;	Hy is skuldig bevind deur 'n geregshof aan 'n misdryf waarby oneerlikheid betrokke was;
7.1.4.5 He was removed from an office of trust on account of misconduct in respect of fraud or the misappropriation of money;	Hy is uit 'n kantoor van vertrouwe verwyder weens wangedrag ten opsigte van bedrog of die wanbesteding van geld;
7.1.4.6 He was found to be incapable of contracting by a competent court;	Daar is bevind deur 'n bevoegde hof bevind dat hy nie in staat was om te kontrakteer nie;
7.1.4.7 He is or becomes disqualified to hold office as a director of a company in terms of the Companies Act, 2008 (Act No. 71 of 2008);	Hy is of word gediskwalifiseer om die amp as 'n direkteur van 'n maatskappy te beklee ingevolge die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008);
7.1.4.8 He resigned as a Committee Member in writing;	Hy het skriftelik as Komiteelid bedank;
7.1.4.9 He failed to attend two consecutive meetings of the Committee without any excuse; and	Hy het versuim om twee agtereenvolgende vergaderings van die Komitee by te woon sonder enige verskoning; en
7.1.4.10 He no longer is a Member of the HOA.	Hy is nie meer 'n Lid van die HEV nie.

7.1.5 If sufficient nominations were not received prior to the Annual General Meeting, nominations from the floor, with associated secondment, can be accepted during the meeting;	Indien voldoende nominasies nie voor die Algemene Jaarvergadering ontvang is nie, kan nominasies vanaf die vloer, met gepaardgaande sekondering, tydens die vergadering aanvaar word.
7.1.6 Members or Spouses of Members residing in the Development or within close proximity of the Development are preferred as Committee members for practical purposes with reference to the allocated responsibilities of Committee members that need physical presence such as gardens, buildings and security.	Lede of Gades van Lede wat in die Ontwikkeling of naby die Ontwikkeling woon, is verkieslik as Komiteelede vir praktiese doeleindes met verwysing na die toegewysde verantwoordelikhede van Komiteelede wat fisiese teenwoordigheid benodig soos tuine, geboue en sekuriteit benodig.
7.2 The Committee shall comprise:	Die komitee sal uit die volgende bestaan:
7.2.1 A Chairperson, elected by the Committee members, by a majority of votes with primary responsibility to preside at all meetings;	'n Voorsitter, verkies deur die Komiteelede, met 'n meerderheid van stemme, met primêre verantwoordelikheid om by alle vergaderings as Voorsitter op te tree;
7.2.2 A Secretary, elected by the Committee members, by a majority of votes with primary responsibility to constitute meetings, take minutes and effective communication to Members with assistance from the Management Agent;	'n Sekretaris, verkies deur die Komiteelede, met 'n meerderheid van stemme, met primêre verantwoordelikheid om vergaderings op te stel, notules te neem en effektiewe kommunikasie aan lede met hulp van die Bestuursagent;
7.2.3 A Treasurer, elected by the Committee members, by a majority of votes with primary responsibility to ensure proper financial management and reporting with assistance from the Management Agent. Payment instructions to the Management Agent on behalf of the Committee must come from the Treasurer based on a formal Committee decision;	'n Tesourier, verkies deur die komiteelede, met 'n meerderheid van stemme, met primêre verantwoordelikheid om behoorlike finansiële bestuur te verseker en met hulp van die Bestuursagent verslag te doen. Betalingsinstruksies aan die Bestuursagent namens die Komitee moet van die Tesourier kom op grond van 'n formele komiteebesluit;
7.2.4 Four (4) ordinary members with responsibilities as allocated by the Committee from time to time; and	Vier (4) gewone lede met verantwoordelikhede soos van tyd tot tyd deur die Komitee toegeken; en
7.2.5 Four (4) Committee members shall form a quorum.	Vier (4) Komiteelede sal 'n kworum vorm.
7.3 A Committee member's term of office is valid from his appointment at the Annual General Meeting.	'n Komiteelid se ampstermyn is geldig vanaf sy aanstelling by die Algemene Jaarvergadering.
7.4 The Committee must within 15 (fifteen) business days after the Annual General Meeting schedule a meeting with the first point of business to elect office bearers (Chairperson, Treasurer and/or Secretary) where a vacancy might exist.	Die Komitee moet binne 15 (vyftien) werksdae na die Algemene Jaarvergadering 'n vergadering skeduleer met die eerste sake punt die verkiesing van ampsdraers (Voorsitter, Tesourier en/of Sekretaris) indien 'n vakature mag bestaan.

7.5 The Committee may at any point remove an office bearer through a vote of no confidence provided that the member being removed from office:	Die Komitee kan op enige stadium 'n ampsdraer verwyder deur 'n stem van geen vertroue nie, mits die ampsdraer wat uit sy amp verwyder word:
7.5.1 is given detailed reasons on which the proposed removal will be based;	gedetailleerde redes gegee word waarop die voorgestelde verwydering gebaseer sal wees;
7.5.2 is given a fair opportunity to answer the allegations against him;	'n regverdige geleentheid kry om die bewerings teen hom te beantwoord;
7.5.3 remains as a Committee member; and	aanbly as 'n Komiteelid; en
the quorum for the meeting taking such decision must be 6 (six) Committee members present in person or by proxy and the decision requires support from at least 4 (four) members.	die kworum vir die vergadering wat sodanige besluit neem, moet 6 (ses) Komiteeledede persoonlik of deur gevolmagtigde teenwoordig wees en die besluit vereis ondersteuning van minstens 4 (vier) lede.
7.6 The Members at a General Meeting may remove any of the Committee members through a Resolution if notice of the meeting contains a clear statement of the proposed removal, provided that:	Die Lede op 'n Algemene Vergadering kan enige van die Komiteeledede deur middel van 'n Resolusie verwyder indien kennisgewing van die vergadering 'n duidelike verklaring van die voorgestelde Resolusie bevat, met dien verstande dat:
7.6.1 such notice does not automatically remove the Committee member from office prior to the Resolution being adopted; and	sodanige kennisgewing nie outomaties die Komiteelid uit sy amp verwyder voordat die Resolusie aanvaar word nie; en
7.6.2 the Committee member is given a fair opportunity to answer the allegations against him at such Special General Meeting.	die Komiteelid 'n regverdige geleentheid gegun word om die bewerings teen hom op so 'n Spesiale Algemene Vergadering te beantwoord.
7.7 Whenever a vacancy occurs, the remaining members of the Committee may appoint a replacement Member or Spouse of a Member who would hold office until the next Annual General Meeting, provided that:	Wanneer 'n vakature ontstaan, kan die oorblywende lede van die Komitee 'n Lid of Eggenoot van 'n Lid aanstel wat die amp tot en met die volgende Algemene Jaarvergadering sal beklee, met dien verstande dat:
7.7.1 Should one of the Chairperson, Treasurer or Secretary positions become vacant, the Committee shall attempt to fill the position by electing one of the remaining Committee members;	Indien een van die Voorsitter-, Tesourier- of Sekretaris posisies vakant raak, sal die Komitee poog om die posisie te vul deur een van die oorblywende Komiteeledede te verkies;
7.7.2 If clause 7.7.1 is not possible and for any other vacancy the Committee shall communicate such vacancy to all Members and request Members to submit nominations on the appropriate nomination form to be co-opted onto the Committee until the next AGM;	Indien klousule 7.7.1 nie moontlik is nie en vir enige ander vakature moet die Komitee sodanige vakature aan alle Lede kommunikeer en Lede versoek om nominasies op die toepaslike nominasievorm in te dien om gekoöpteer te word om op die Komitee te dien tot die volgende AJV;
7.7.3 Should more than one Member or Spouse of a Member be nominated for a vacant position, the Committee must vote to decide which Member should be co-opted;	Indien meer as een Lid of Eggenoot van 'n Lid vir 'n vakante posisie benoem word, moet die Komitee stem om te besluit wie gekoöpteer moet word;

7.7.4 Should no Members or Spouses of Members be nominated, the Committee can approach Members or Spouses of Members in good standing directly in an attempt to fill the vacancy; and	Indien geen Lede of Eggenote van Lede genomineer word nie, kan die Komitee Lede of Eggenote van Lede wat kwalifiseer direk nader in 'n poging om die vakature te vul; en
7.7.5 The Committee shall communicate any changes to the Committee to all Members within 2 (two) business days.	Die Komitee sal binne 2 (twee) werksdae enige veranderinge aan die Komitee aan alle Lede kommunikeer.
7.8 Committee members shall not be entitled to any remuneration for their services other than expenses incurred on behalf of the Association and approved by the Committee;	Komiteelede is nie geregtig op enige vergoeding vir hul dienste behalwe uitgawes wat namens die Vereniging aangegaan is en deur die Komitee goedgekeur is nie;
7.9 No Committee member shall be liable to the Association or any Member thereof or any other person whomsoever for any act or omission by himself or by the Association or its employees or agents. The members of the Committee shall be and remain indemnified against all costs, claims, legal actions, expenses, losses, or damage sustained by such member as a result of any alleged act or omission in the performance of his duties, provided that such Committee member, with the information at his disposal, acted in good faith and without gross negligence and dishonesty:	Geen Komiteelid sal aanspreeklik wees teenoor die Vereniging of enige Lid daarvan of enige ander persoon vir enige handeling of versuim deur homself of deur die Vereniging of sy werknemers of agente nie. Die lede van die Komitee sal en bly gevrywaar teen alle koste, eise, regsaksies, uitgawes, verliese of skade wat deur sodanige Lid opgedoen word as gevolg van enige beweerde handeling of versuim in die uitvoering van sy pligte, met dien verstande dat sodanige Komiteelid, met die inligting tot sy beskikking, in goeder trou en sonder growwe nalatigheid en oneerlikheid opgetree het:
7.10 Committee meetings shall as far as possible be held each month, or as otherwise determined by the Committee, but not less than quarterly.	Komiteevergaderings sal sover moontlik elke maand gehou word, of soos andersins deur die Komitee bepaal word, maar nie minder nie as kwartaalliks.
7.11 Proper books of account and records must be kept of the finances and administration of the Association. Financial statements for each Financial Year shall be prepared and audited annually by a Chartered Accountant. The account books and records must be kept for a period of at least 6 (six) years after finalisation of the transactions, actions, or proceedings. The Committee shall decide when accounting documents older than 6 (six) years can be destroyed.	Behoorlike rekenkundige rekords moet gehou word van die finansies en administrasie van die Vereniging. Finansiële state vir elke finansiële jaar word jaarliks deur 'n Geoktrooieerde Rekenmeester voorberei en geoudit. Die rekenkundige rekords moet vir 'n tydperk van minstens 6 (ses) jaar na die finalisering van die transaksies, aksies of verrigtinge bewaar word. Die Komitee sal besluit wanneer rekeningkundige rekords ouer as 6 (ses) jaar vernietig kan word.
8. MEETINGS, PROXIES AND VOTING RIGHTS	VERGADERINGS, VOLMAG EN STEMREG
8.1 Meetings:	Vergaderings:

8.1.1 The Annual General Meeting of the Association shall be held in May of each year on a date determined by the Committee. At least 15 (fifteen) business days' written notice of the meeting, together with the agenda, must be sent to all the Members by the Secretary with the assistance of the Management Agent. Should the Committee fail to convene the meeting within 20 (twenty) business days after the end of May of the year in question, all members of the Committee will be deemed to have resigned and the Members may convene the meeting themselves, with assistance of the Management Agent, to elect a new Committee.	Die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging moet in Mei van elke jaar gehou word op 'n datum wat deur die Komitee bepaal sal word. Minstens 15 (vyftien) werksdae se skriftelike kennisgewing van die vergadering, tesame met die agenda moet, met die hulp van die Bestuursagent, aan al die Lede gestuur word. Indien die Komitee versuim om die vergadering binne 20 (twintig) werksdae na die einde van Mei van die betrokke jaar byeen te roep, sal alle lede van die Komitee geag word dat hulle bedank het en die Lede kan die vergadering dan self byeenroep, met die hulp van die Bestuursagent, om 'n nuwe Komitee te verkies.
8.1.2 The Committee can when in its discretion deems it essential, or must within 10 (ten) business days upon written request of 20% (twenty per centum) of the Members, call a Special General Meeting. This must be done by giving 10 (ten) business days' written notice of the meeting by the Secretary, with the assistance of the Management Agent, to all the Members, setting out the manner of business to be transacted at the meeting. Should the Committee fail to convene the meeting thus requested within 20 (twenty) business days of receipt of such request, the Members concerned may convene the meeting themselves with the assistance of the Management Agent.	Die Komitee kan as dit na sy goeddunke noodsaaklik geag word, of moet binne 10 (tien) werksdae op skriftelike versoek van 20% (twintig persent) van die Lede, 'n Spesiale Algemene Vergadering saamroep. Dit moet gedoen word deur 10 (tien) werksdae skriftelike kennisgewing van die vergadering deur die Sekretaris te gee, met die hulp van die Bestuursagent, aan al die Lede, wat die besigheid uiteensit wat op die vergadering gedoen moet word. Indien die Komitee versuim om die vergadering byeen te roep binne 20 (twintig) werksdae na ontvangs van sodanige versoek, kan die betrokke Lede die vergadering self met die hulp van die Bestuursagent byeenroep.
8.1.3 The Chairperson shall preside at all General Meetings and all meetings of the Committee. In the absence of the Chairperson, the Members present shall appoint an acting Chairperson from among their ranks by a majority of votes.	Die Voorsitter sal voorsit by alle Algemene Vergaderings en alle vergaderings van die Komitee. In die afwesigheid van die Voorsitter sal die teenwoordige lede 'n waarnemende Voorsitter uit hul geledere met 'n meerderheid van stemme aanstel.
8.1.4 No decisions may be taken by any General Meeting unless a quorum is present at the time when a Resolution is put to the vote. The quorum needed for holding any General Meeting is 50% (fifty per centum) of the Members that are eligible to vote at the time. All decisions at the General Meeting shall be taken by a clear majority of votes subject to Clause 13.1.1 and Clause 14.1.	Geen besluite mag deur enige Algemene Vergadering geneem word, tensy 'n kworum teenwoordig is wanneer 'n Resolusie tot stemming gebring word nie. Die kworum wat nodig is om enige Algemene Vergadering te hou, is 50% (vyftig persent) van die lede wat op daardie oomblik in aanmerking kom om te stem. Alle besluite op die Algemene Vergadering sal geneem word deur 'n duidelike meerderheid van stemme onderhewig aan Klousule 13.1.1 en Klousule 14.1.

8.1.5 At all General Meetings, a Resolution is put to the vote by a ballot by the Members present and eligible to vote unless the meeting decides otherwise and subject to Clause 8.1.7. The result of the vote shall be binding.	By alle Algemene Vergaderings word 'n Resolusie tot stemming gebring deur die Lede wat teenwoordig is en kwalifiseer om te stem, tensy die vergadering anders besluit en onderhewig aan Klousule 8.1.7. Die uitslag van die stemming sal bindend wees.
8.1.6 All meetings will be deemed properly convened if the required quorum is reached through Members that are eligible to vote being present in person, by proxy or by means of an E-meeting platform.	Alle vergaderings sal as behoorlik byeengeroep beskou word indien die vereiste kworum bereik word deur Lede wat in kwalifiseer om persoonlik, deur gevolmagtigde of deur middel van 'n E-vergadering platform teenwoordig te wees.
8.1.7 At meetings with Members joining by means of an E-meeting, an E-voting platform should be used to record all the Members' votes, or at a minimum to record the votes of the Members attending by means of an E-meeting platform.	By vergaderings met Lede wat deur middel van 'n E-vergadering platform aansluit, moet 'n E-stem platform gebruik word om al die Lede se stemme op te teken, of ten minste om die stemme van die Lede wat deur middel van 'n E-vergadering platform bywoon, aan te teken.
8.1.8 Under special circumstances where an urgent decision is required for which the Committee does not have authority, the Committee can communicate a clearly worded Resolution, including the reason(s) for urgency, to all Members via e-mail and request comment from Members within 5 (five) business days. Comments must then be collated and shared with all Members after which an updated Resolution, if necessary, must be presented to Members through an E-voting ballot within 3 (three) business days after collated comments have been shared. The result of the E-voting ballot must be shared with all Members within 3 (three) business days after closure of the E-voting ballot and will only be valid if a quorum was established by means of 50% or more of the eligible votes being cast either for or against the Resolution.	Onder spesiale omstandighede waar 'n dringende besluit vereis word waarvoor die Komitee nie gesag het nie, kan die Komitee 'n duidelik bewoorde Resolusie, insluitend die rede(s) vir dringendheid, aan alle Lede per e-pos kommunikeer en binne 5 (vyf) werksdae kommentaar van lede versoek. Kommentaar moet dan saamgevoeg en met alle lede gedeel word, waarna 'n opgedateerde Resolusie, indien nodig, binne 3 (drie) besigheidsdae nadat saamgevoegde kommentaar gedeel is, aan lede voorgelê moet word deur middel van 'n E-stem platform vir stemming. Die uitslag van die e-stemming moet binne 3 (drie) werksdae na die sluiting van die E-stemming met alle Lede gedeel word en sal slegs geldig wees indien 'n kworum deur middel van 50% of meer van die stemgeregtigde stemme vir of teen die Resolusie uitgebring is.
8.1.9 The Committee shall keep minutes of all meetings which will be kept in a minute book of the Association in perpetuity.	Die Komitee moet notules hou van alle vergaderings wat in 'n notuleboek van die Vereniging op 'n permanente basis gehou sal word.
8.2 Proxies:	Volmag:
8.2.1 Votes at a General Meeting may be cast by a Member or by a duly appointed proxy.	Stemme op 'n Algemene Vergadering kan deur 'n Lid of deur 'n behoorlik aangestelde gevolmagtigde uitgebring word.

8.2.2 A proxy at a General Meeting must be appointed in writing under the signature of the Member or his agent, who was appointed properly and in writing, and the proxy appointment must be delivered to the Chairperson or the Management Agent before the meeting commences, provided that the preceding provisions do not apply in respect of any proxy created and contained in any registered mortgage bond, unless such mortgage bond is made available at the meeting.	'n Volmag op 'n Algemene Vergadering moet skriftelik aangestel word onder die handtekening van die Lid of sy agent, wat behoorlik en skriftelik aangestel is, en die volmag aanstelling moet skriftelik aan die Voorsitter of die Bestuursagent voorgelê word voor die vergadering begin, met dien verstande dat die voorafgaande bepalings nie van toepassing is ten opsigte van enige gevolmagtigde wat in enige geregistreerde verband geskep en vervat is nie, tensy sodanige verband op die vergadering beskikbaar gestel word.
8.2.3 A proxy at a General Meeting need not be a Member, but shall not be an employee of the Association, the Management Agent, or an employee of the Management Agent.	'n Gevolmagtigde op 'n Algemene Vergadering hoef nie 'n Lid te wees nie, maar kan nie 'n werknemer van die Vereniging, die Bestuursagent self of 'n werknemer van die Bestuursagent wees nie.
8.2.4 A Committee member may be represented at a Committee Meeting by a duly appointed proxy who will carry all the powers of the appointing Committee member provided that:	'n Komiteelid kan op 'n Komiteevergadering verteenwoordig word deur 'n behoorlik aangestelde gevolmagtigde wat al die bevoegdhede van die Komiteelid wat die volmag gee sal dra met dien verstande dat:
8.2.4.1 such proxy is provided in writing with associated voting instruction(s) where applicable via email;	sodanige volmag skriftelik via e-pos voorsien word met gepaardgaande stem instruksie(s) waar van toepassing;
8.2.4.2 only another Committee member may carry the proxy;	slegs 'n ander Komiteelid mag die volmag hê;
8.2.4.3 only one proxy per Committee member is allowed; and	slegs een volmag per Komiteelid word toegelaat; en
8.2.4.4 the proxy does not count towards the quorum requirement of 4 members.	die volmag dra nie by tot die kworumvereiste van 4 lede nie.
8.2.5 A proxy for any meeting shall only be valid for a specific meeting or any adjournment thereof.	'n Volmag vir enige vergadering sal slegs geldig wees vir 'n spesifieke vergadering of enige verdaging daarvan.
8.2.6 No person shall be allowed to represent more than 5 (five) votes via proxy at any General Meeting, excluding his own vote(s) in the case of the person being a Member.	Geen persoon word toegelaat om meer as 5 (vyf) stemme via volmag by enige Algemene Vergadering te verteenwoordig nie, met die uitsondering van sy eie stem(me) in die geval waar die persoon ook 'n Lid is.
8.2.7 The form to be used to appoint a proxy at a General Meeting must be formally approved at a General Meeting and must include the place, date and time of the meeting for which the proxy is valid.	Die vorm wat gebruik moet word om 'n gevolmagtigde by 'n Algemene Vergadering aan te stel, moet formeel op 'n Algemene Vergadering goedgekeur wees en moet die plek, datum en tyd van die vergadering waarvoor die volmag geldig is, insluit.
8.3 Voting Rights:	Stemreg:

8.3.1 At General Meetings, each Member shall personally, or by means of his representative under proxy, be entitled to vote and each Member will have one vote per Erf, subject to clause 4.1.1.	By Algemene Vergaderings moet elke Lid persoonlik, of deur middel van sy verteenwoordiger onder volmag, geregtig wees om te stem en elke Lid sal een stem per Erf hê, onderhewig aan klousule 4.1.1.
8.3.2 A Member who, on the date of the meeting, is in arrears with regard to his levies will not be allowed to vote at such meeting.	'n Lid wat op die datum van die vergadering agterstallig is met betrekking tot sy heffings, sal nie toegelaat word om op sodanige vergadering te stem nie.
8.3.3 At each meeting of the Committee, each Committee member is entitled to one vote and voting can be by means of a ballot or by a show of hands.	By elke vergadering van die Komitee is elke Komiteelid geregtig op een stem en stemming kan deur middel van 'n stembrief of deur 'n wys van hande wees.
8.3.4 The Chairperson shall have a second or casting vote at all meetings in the case of an equality of votes.	Die Voorsitter sal 'n tweede of beslissende stem by alle vergaderings hê in die geval van ewe veel stemme.
9. AUTHORITY OF THE COMMITTEE	GESAG VAN DIE KOMITEE
9.1 The business and administration of the Association must be managed by or under the direction of the Committee, which has the authority to exercise all the powers of the Association and perform any of the functions of the Association as if transacted by the Association itself subject to the provisions of this Constitution, the Rules, and any restriction imposed, or direction given at a General Meeting. The sole purpose is to perform actions as may be necessary to realize the goals and objectives of the Association.	Die besigheid en administrasie van die Vereniging moet bestuur word deur of onder leiding van die Komitee, wat die gesag het om al die bevoegdhede van die Vereniging en enige van die funksies van die Vereniging uit te voer asof dit deur die Vereniging self uitgevoer word onderhewig aan die bepalings van hierdie Grondwet, die Reëls en enige beperking wat opgelê word, of leiding wat gegee word by 'n Algemene Vergadering. Die uitsluitlike doel is om aksies uit te voer wat nodig mag wees om die doelwitte van die Vereniging te verwesenlik.
9.2 Without prejudice to the generality of the aforementioned powers, the powers shall include the following, but not be limited thereto:	Sonder benadeling van die algemene aard van die bogenoemde magte, sal die magte die volgende insluit, maar nie daartoe beperk word nie:
9.2.1 The setting of applicable standards, designs and styles of all houses and/or other buildings as set out in Clause 10 hereof subject to Clause 9.2.7;	Die instelling van toepaslike standaarde, ontwerpe en style van alle huise en/of ander geboue soos uiteengesit in Klousule 10 hiervan onderhewig aan Klousule 9.2.7;
9.2.2 To perform such actions as may be necessary for realising the objectives, whether spoken or unspoken, set out herein;	Om aksies uit te voer wat nodig mag wees vir die verwesenliking van die doelwitte, hetsy geskrewe of ongeskrewe, hierin uiteengesit;
9.2.3 The inclusion of punitive measures and a fining clause for transgressions in the applicable Rules;	Die insluiting van strafmaatreëls en boeteklousules vir oortredings in die toepaslike Reëls;
9.2.4 The entering into, conclusion and execution of contracts and agreements in respect of any of the purposes and objectives of the Association;	Die aangaan, voltrekking en uitvoering van kontrakte en ooreenkomste ten opsigte van enige van die doel en doelwitte van die Vereniging;

9.2.5	At a Committee meeting in which a Committee member has any direct or indirect personal interest the Committee member is disqualified from voting in respect of:	Op 'n Komiteevergadering waarin 'n Komiteelid enige direkte of indirekte persoonlike belang het, word die Komiteelid gediskwalifiseer om te stem ten opsigte van:
9.2.5.1	any proposed or current contract with the Association;	enige voorgestelde of huidige kontrak met die Vereniging;
9.2.5.2	any dispute with the Association; or	enige geskil met die Vereniging; of
9.2.5.3	any other matter.	enige ander saak.
9.2.6	The employment and remuneration of agents, employees and any other parties, and the termination of their services;	Die indiensneming en vergoeding van agente, werknemers en enige ander partye, sowel as die beëindiging van hul dienste;
9.2.7	The making, amendment and/or withdrawal of Rules that shall be binding upon Members as if they form part of this Constitution, provided that the Rules and changes thereto shall be reasonable and fair and consistent with the Constitution and were adopted at a Special General meeting;	Die maak, wysiging en/of onttrekking van Reëls wat bindend sal wees op Lede asof dit deel vorm van hierdie Grondwet, met dien verstande dat die Reëls en veranderinge daartoe redelik en billik en in ooreenstemming met die Grondwet sal wees en op 'n Spesiale Algemene vergadering goedgekeur is;
9.2.8	The formation of sub-committees and the delegation to such sub-committee of such powers as may be necessary;	Die vorming van subkomitees en die delegering na sodanige subkomitee van sodanige magte as wat nodig mag wees;
9.2.9	To take legal steps and defend actions in the name of the Association and to appoint legal representatives for that purpose;	Om regstappe te neem en aksies in die naam van die Vereniging te verdedig en regsverteenvoordigers vir daardie doel aan te stel;
9.2.10	Setting and charging of levies and special levies payable by Members to the Association provided that the proposed levies were adopted at an Annual General Meeting as part of the approval of the budget for the new Financial Year or at a Special General Meeting convened for that purpose;	Die stel en hef van heffings en spesiale heffings wat deur Lede aan die Vereniging betaalbaar is, met dien verstande dat die voorgestelde heffings op 'n Algemene Jaarvergadering aanvaar is as deel van die goedkeuring van die begroting vir die nuwe Finansiële Jaar of op 'n Spesiale Algemene Vergadering wat vir daardie doel byeengeroep is;
9.2.11	To enter into and conclude an agreement with the Local Authority for electricity, water, sewerage and other services to be delivered to the Development and Erven referred to in this Constitution; and	Om 'n ooreenkoms met die Plaaslike Owerheid vir elektrisiteit, water, riool en ander dienste aan te gaan wat gelewer moet word aan die Ontwikkeling en Erven waarna in hierdie Grondwet verwys word; en
9.2.12	The Committee shall comply with the provisions of all relevant laws and regulations and in particular the CSOS legislation, POPI legislation and Local Authority laws and by-laws.	Die Komitee sal voldoen aan die bepalings van alle toepaslike wette en regulasies en veral die CSOS wetgewing, POPI wetgewing en wette en Verordeninge van die Plaaslike Owerheid.

10. BUILDING, ARCHITECTURAL AND DESIGN REQUIREMENTS	BOU-, ARGITEKTONIESE EN ONTWERPVEREISTES
10.1 The Committee shall be authorized to:	Die Komitee is gemagtig om:
10.1.1 set and enforce on Members provisions and conditions in order to harmonise the architectural style and design principles and building material in the Development, through a set of Architectural Rules and Building Rules so as to give effect to the purposes and objectives of the Architectural Development Code subject to Clause 9.2.7;	die stel en afdwing van bepalings en voorwaardes op Lede ten einde die argitektoniese styl, ontwerpbeginsels en boumateriaal in die Ontwikkeling te harmoniseer deur middel van 'n stel Argitektoniese Reëls en Boureëls ten einde uitvoering te gee aan die doel en doelwitte van die Argitektoniese Ontwikkelings kode onderhewig aan Klousule 9.2.7;
10.1.2 perform whatever actions may be necessary to realise the objectives and goals contained herein, whether spoken or unspoken, which actions shall include the inspection, approval, or rejection of building plans, whether they be in respect of new constructions, renovations, alterations, or additions; and	enige aksies uit te voer wat nodig mag wees om die doelwitte en doelstellings daarin vervat te verwesenlik, hetsy dit geskrewe of ongeskrewe is, en die aksies sal die inspeksie, goedkeuring of verwerping van bouplanne insluit, hetsy dit ten opsigte van nuwe konstruksies, opknappings, veranderinge of toevoegings is; en
10.1.3 make Members comply with the requirements, failing which the necessary steps shall be taken to remedy such noncompliance at the cost of such Member, and without prejudice to the generality of the foregoing, to give a Member written notice to remove or change within a specific period of time anything that was erected that is contrary to the requirements imposed in respect thereof, failing which application will be made at the Court for an applicable court order.	Lede te laat voldoen aan die vereistes, en indien versuim, die nodige stappe te doen om sodanige nie-nakoming op die koste van sodanige Lid reg te stel, en sonder benadeling van die algemene aard van die voorafgaande, om 'n Lid skriftelike kennisgewing te gee om binne 'n spesifieke tydperk enigiets wat opgerig is, te verwyder of te verander wat in stryd is met die vereistes wat ten opsigte daarvan opgelê is, en indien versuim, 'n aansoek by die Hof ingedien sal word vir 'n toepaslike hofbevel.
10.2 Members shall be obliged to submit all building plans for new constructions, renovations, alterations, and additions to the Committee for inspection and approval before such plans are submitted to the Local Authority for approval. The Committee shall inform the applicant of its decisions within 10 (ten) business days of the submission of such plan.	Lede sal verplig wees om alle bouplanne vir nuwe konstruksies, opknappings, veranderinge en toevoegings aan die Komitee vir inspeksie en goedkeuring in te dien voordat sodanige planne aan die Plaaslike Owerheid vir goedkeuring voorgelê word. Die Komitee moet die aansoeker in kennis stel van sy besluite binne 10 (tien) werksdae na die indiening van sodanige plan.
10.3 The Committee shall, in its decision in respect of this Clause 10, always make use of a qualified professional to inspect and scrutinise all plans to ensure that the necessary architectural requirements and control measures have been complied with. The cost of such professional will be listed in the Rules, will be for the Member's account and whose decision shall be final.	Die Komitee moet, in sy besluit ten opsigte van hierdie Klousule 10, altyd van 'n gekwalifiseerde professionele persoon gebruik maak om alle planne te inspekteer en te ondersoek om te verseker dat die nodige argitektoniese vereistes en beheermaatreëls nagekom is. Die koste van so 'n professionele persoon sal in die Reëls gelys word, sal vir die Lid se rekening wees en wie se besluit finaal sal wees.

11. STATUS OF THE ASSOCIATION The Association is:	STATUS VAN DIE VERENIGING Die vereniging is:
11.1 a corporate body, capable of suing and being sued in its own name;	'n korporatiewe liggaam, in staat om in sy eie naam te dagvaar en gedagvaar te word;
11.2 an Association of which none of the Members shall have in their personal capacity any right, title and interest in the property, funds, or assets of the Association, which must be managed by or under the direction of the Committee, which has the authority to exercise all the powers of the Association and perform any of the functions of the Association in terms of this Constitution and any Rules and Regulations adopted by the Members at General Meeting; and	'n Vereniging waarvan nie een van die Lede in hul persoonlike hoedanigheid enige reg, titel en belang in die eiendom, fondse of bates van die Vereniging mag hê nie, wat bestuur moet word deur of onder leiding van die Komitee, wat die gesag het om al die bevoegdhede van die Vereniging uit te oefen en enige van die funksies van die Vereniging ingevolge hierdie Grondwet en enige Reëls en Regulasies wat deur die Lede aangeneem is by Algemene Vergadering uit te voer; en
11.3 an Association without profit motive but for the benefit of the Members and occupants of the immovable property situated in the Development.	'n Vereniging sonder winsmotief en slegs tot voordeel van die Lede en Huurders van die onroerende eiendom wat in die Ontwikkeling geleë is.
12. LEVIES	HEFFINGS
12.1 The Association shall establish and maintain an administrative fund to cover the estimated annual operating cost:	Die Vereniging moet 'n administratiewe fonds instel en in stand hou om die beraamde jaarlikse bedryfskoste te dek:
12.1.1 for all expenses of the Association;	vir alle uitgawes van die Vereniging;
12.1.2 for the repair, control, maintenance, management, and administration of the Association (including reasonable provision for future maintenance and repairs);	vir die herstel, beheer, instandhouding, bestuur en administrasie van die Vereniging (insluitend redelike voorsiening vir toekomstige instandhouding en herstelwerk);
12.1.3 for the payment of any insurance premiums relating to the building or land;	vir die betaling van enige versekeringspremies met betrekking tot die gebou of grond;
12.1.4 for the discharge of any duty or fulfilment of any obligation of the Committee;	vir die nakom van enige plig of vervulling van enige verpligting van die Komitee;
12.1.5 all such expenses incurred or to be incurred in respect of payments to be made in terms of the CSOS legislation and the costs arising from meeting the Association's financial obligations in terms of the said legislation; and	alle sodanige uitgawes aangegaan of wat aangegaan moet word ten opsigte van betalings wat ingevolge die CSOS-wetgewing gemaak moet word en die koste wat voortspruit uit die nakoming van die Vereniging se finansiële verpligtinge ingevolge die genoemde wetgewing; en
12.1.6 special levies as provided for in Clause 9.2.10.	spesiale heffings soos voorsien in Klousule 9.2.10.

12.2 The levy is an amount payable by the Member to the Association. A Member's obligation to pay the levy to the Association lapses when he ceases to be a Member of the Association, without prejudice to the right of the Association to recover overdue levies provided that:	Die heffing is 'n bedrag wat deur die Lid aan die Vereniging betaalbaar is. 'n Lid se verpligting om die heffing aan die Vereniging te betaal, verval wanneer hy ophou om 'n Lid van die Vereniging te wees, sonder benadeling van die reg van die Vereniging om agterstallige heffings te verhaal, mits:
12.2.1 No levies paid by a Member shall be repayable to him upon the termination of his membership, unless levies were paid in advance in which case a pro rata portion of the levies will be calculated from the date at which the new owner becomes a Member and repaid by the Association to the exiting Member; and	Geen kostes wat deur 'n Lid betaal word, sal aan hom terugbetaalbaar wees by die beëindiging van sy lidmaatskap nie, tensy heffings vooruit betaal is in welke geval 'n pro rata gedeelte van die heffings bereken sal word vanaf die datum waarop die nuwe eienaar 'n Lid word en deur die Vereniging aan die Lid wat die Vereniging verlaat terugbetaal word; en
12.2.2 A Member's successor in title to an Erf shall be liable from the date upon which he becomes a Member on the grounds of his acquiring the right of ownership of the Erf.	'n Lid se opvolger in titel van 'n Erf is aanspreeklik vanaf die datum waarop hy 'n Lid word op grond van sy verkryging van die reg op eienaarskap van die Erf.
12.3 No Member shall be entitled to transfer his Erf unless all his levies to the Association have been paid, and unless he has informed the Association of the name, telephone number and address of his successor in title and the Association has consented thereto.	Geen Lid sal geregtig wees om sy Erf oor te dra nie, tensy al sy heffings aan die Vereniging betaal is, en tensy hy die Vereniging van die naam, telefoonnommer en adres van sy opvolger in titel ingelig het en die Vereniging daartoe ingestem het.
12.4 The levy payable by a Member, shall bear the same proportion to the total levy imposed on Members as that Member's voting right bears to the aggregate of voting rights of all Members.	Die heffing betaalbaar deur 'n Lid, sal dieselfde verhouding dra tot die totale heffing wat op Lede opgelê word, aangesien daardie Lid se stemreg bydra tot die totaal van alle Lede se stemreg.
12.5 All levies are due and payable in advance on the first day of each month. Interest will be charged on all arrear amounts at such rate as the Association may from time to time determine.	Alle heffings is vooruit betaalbaar op die eerste dag van elke maand. Rente sal gehef word op alle agterstallige bedrae teen sodanige koers as wat die Vereniging van tyd tot tyd kan bepaal.
12.6 The Member consents to payment of all legal fees on an attorney and client scale, should litigation be the result of default by the Member and he be found to be the unsuccessful party.	Die Lid stem in tot die betaling van alle regs-koste op 'n prokureur- en kliënt-skaal, indien litigasie die gevolg van wanbetaling deur die Lid is en daar bevind word dat hy die onsuksesvolle party is.
12.7 The domicilium citandi et executandi of each Member or occupier shall for all purposes be the Erf of such Member or occupier.	Die domicilium citandi et executandi van elke Lid of inwoner moet vir alle doeleindes die Erf van sodanige Lid of inwoner wees.
13. DISSOLUTION OF THE ASSOCIATION	ONTBINDING VAN DIE VERENIGING
13.1 The Association can be dissolved by a Special Resolution of the Members at a duly convened General Meeting in terms of Clause 8.1, provided that:	Die Vereniging kan ontbind word deur 'n Spesiale Resolusie van die Lede by 'n Algemene Vergadering wat behoorlik byeengeroep is ingevolge Klousule 8.1, met dien verstande dat:

13.1.1 90% (ninety per centum) of the Members attending the meeting in person, via proxy or via an E-meeting platform, and are eligible to vote, voting in favour thereof; and	90% (negentig persent) van die Lede wat die vergadering persoonlik bywoon, via gevolmagtigde of via 'n E-vergadering platform, en in aanmerking kom om te stem, stem ten gunste daarvan; en
13.1.2 The Local Authority is in agreement.	Die plaaslike owerheid keur dit ook goed.
13.2 Upon such dissolution the Committee shall be obliged to convert into cash the Association's assets, settle all the debts and meet all the liabilities of the Association and thereafter to divide the balance among the Members in accordance with the number of Erven registered in the name of each Member.	By sodanige ontbinding sal die Komitee verplig wees om die Vereniging se bates in kontant om te skakel, al die skuld te vereffen en al die verpligtinge van die Vereniging na te kom en daarna die balans tussen die Lede te verdeel in ooreenstemming met die aantal Erwe wat in die naam van elke Lid geregistreer is.
14. AMENDMENT OF CONSTITUTION	WYSIGING VAN GRONDWET
14.1 This Constitution may only be amended through a Special Resolution with the approval of at least 66.67% (sixty six point six seven per centum) of the Members attending the meeting in person, via proxy or via an E-meeting platform, and are eligible to vote, voting in favour thereof at a duly convened General Meeting called in terms of Clause 8.1, provided that the full text of the proposed alteration(s) have been given in the notice convening such meeting.	Hierdie Grondwet mag slegs gewysig word deur middel van 'n Spesiale Resolusie met die goedkeuring van minstens 66.67% (ses-en-sestig punt ses sewe persent) van die Lede wat die vergadering persoonlik bywoon, via gevolmagtigde of via 'n E-vergadering platform, en kwalifiseer om te stem, ten gunste daarvan stem by 'n Algemene Vergadering wat behoorlik byeengeroep is ingevolge Klousule 8.1, met dien verstande dat die volledige teks van die voorgestelde verandering(s) voorgelê is in die kennisgewing wat sodanige vergadering byeengeroep het.
14.2 A notice of motion(s) for any alteration(s) to this Constitution shall always be subject to Clause 14.1 and can be based on:	'n Kennisgewing van mosie(s) vir enige verandering(s) aan hierdie Grondwet sal altyd onderhewig wees aan Klousule 14.1 en kan gebaseer wees op:
14.2.1 a Resolution taken at a General Meeting requesting the Committee to start the process to amend certain Clauses;	'n Resolusie wat geneem is op 'n Algemene Vergadering wat die Komitee versoek om die proses te begin om sekere Klousules te wysig;
14.2.2 when the Committee in its discretion deems it essential to start the process to amend certain Clauses; or	wanneer die Komitee dit na goeddunke noodsaaklik ag om die proses te begin om sekere Klousules te wysig; of
14.2.3 a notice in writing and signed by at least 20 (twenty) Members is delivered to the Secretary of the Committee to start the process to amend certain clauses. Within 10 (ten) business days of receipt of such notice, the Secretary, with the assistance of the Management Agent, shall convene a Special General Meeting in terms of Clause 8.1 hereof.	'n kennisgewing skriftelik en onderteken deur minstens 20 (twintig) Lede aan die Sekretaris van die Komitee gelewer word om die proses te begin om sekere Klousules te wysig. Binne 10 (tien) werksdae na ontvangs van sodanige kennisgewing sal die Sekretaris, met die hulp van die Bestuursagent, 'n Spesiale Algemene Vergadering ingevolge Klousule 8.1 hiervan byeenroep.



14.3 All amendments to the Constitution of the Association shall be submitted to the Local Authority and on request to any other authority that has a legal standing to request such.	Alle wysigings aan die Grondwet van die Vereniging moet aan die Plaaslike Owerheid voorgelê word en op versoek aan enige ander owerheid wat 'n wetlike status het om sodanige versoek te maak.
Approved at Mossel Bay on this _____ day of 202__ CHAIRPERSON / VOORSITTER _____ SECRETARY / SEKRETARIS _____	